

***“A leader is one who knows the way, goes the way, and shows the way” John Maxwell***

**NUWE LEIERSKAP BY DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTHERN AFRICA**

Die *Citrus Growers' Association of Southern Africa* (CGA) is trots om Gerrit van der Merwe vir 'n termyn van twee jaar as die nuwe voorsitter van sy Raad te verwelkom.

Gerrit van der Merwe is die Besturende Direkteur van ALG Estates (ALG) en is die afgelope 6 jaar in hierdie pos. ALG is in Citrusdal geleë en bestaan uit 'n aantal sitrusplase met 'n trotse geskiedenis. Van der Merwe se familie boer al agt geslagte lank aan die bolope van die Olifantsriviervallei. Van der Merwe het self op agtjarige ouderdom vakansiewerk op sy pa se plaas begin doen – wat 'n lewenslange passie vir sitrus bevestig het. Van der Merwe het ná sy studies in rekeningkunde in die sitrusbedryf in die Verenigde State gewerk. Hy het in 2008 teruggekeer om by die span by ALG aan te sluit.

Oor sy nuwe rol as Voorsitter het Van der Merwe gesê: "Om deel te wees van 'n familie-landbou-onderneming, voel ek 'n groot verantwoordelikheid van rentmeesterskap. Jy moet daarna streef om iets wat jy aanpak in 'n beter toestand te laat as wat dit aan jou toevertrou is. Nie net in terme van finansies en bates nie, maar ook in terme van die verbetering daarvan, deur op die breër gemeenskap te fokus. 'n Sitrusplaas, net soos die sitrusbedryf, bestaan uit 'n versameling hardwerkende mense, mense wat daarin glo om tot die Suid-Afrikaanse ekonomie by te dra, deur die grond te bewerk. Dit is een van my doelwitte om sitrus meer gemeenskapsgesentreerd te maak en hopelik so by te dra." Van der Merwe het bygevoeg dat hierdie gevoel van eenheid in Julie verlede jaar ten toon gestel is toe 'n verwoestende vloed, skade van byna R500 miljoen aan produsente in die Citrusdal-vallei aangerig het. Alle rolspelers het bymekaargekom om te herbou en na die toekoms te kyk.

Die CGA-raad bestaan uit 23 direkteure. Die direkteure verteenwoordig 15 verskillende produsente-streke, met 2 direkteure wat opkomende boere in die Suidelike en Noordelike streke verteenwoordig, 'n direkteur van regeringsbetrekkings, en 'n direkteur wat aan die hoof staan van die finansiële en risikohersieningskomitee. Justin Chadwick, uitvoerende hoof van CGA, het Van der Merwe gelukkig met sy aanstelling: "Hy bring baie energie en enorme ervaring na hierdie noodsaaklike rol. Hy ken die besigheid van sitrus deur en deur. Sy leierskap sal waardeer word. Dit is 'n kritieke en beslissende tyd vir Suid-Afrikaanse sitrus. Die bedryf het 'n paar jaar gelede groot beleggings in aanplantings gemaak en ons sien oesgroottes dienooreenkomstig toeneem. Projeksies wys ons kan, as alle rolspelers saamwerk, binne die volgende agt jaar 'n bykomende 100 miljoen 15 kg kartonne sitrus uitvoer. Dit kan 100 000 nuwe werkseleenthede skep en miljarde aan buitelandse verdienste genereer. Maar daar is uitdagings wat dringend aangespreek moet word sodat ons hierdie doelwit kan bereik." Van der Merwe het swak logistiek en marktoegang uitgelig as die twee uitdagings wat hom tans bekommer. "Ons spoornetwerk en hawens moet baie meer doeltreffend wees, en onregverdiges EU-handelsregulasies moet beveg word. Hierdie twee struikelblokke staan in die bedryf se pad. As Voorsitter het ek 'n span toegewyde en talentvolle CGA-raadslede agter my. Ons is almal gefokus op maniere waarop ons met die regering kan saamwerk om seker te maak dat die bedryf eerstens werkseleenthede en inkomste behou, en dan verhoog." Die uittredende Voorsitter, Hannes de Waal, van die Sondagsriviervallei in die Oos-Kaap, sal nou een van die twee Ondervoorsitters word, soos normaalweg in die raadsleierskap se rotasiestruktuur is. De Waal se mede-ondervoorsitter sal Jan-Louis Pretorius, van Letsitele in Limpopo, wees. Die CGA-direksie het ook nog 'n lid by die Uitvoerende Komitee gevoeg, met Andries van Wyngaardt wat by Gerrit, Jan-Louis, Hannes, Cornel van der Merwe, George Hall en Piet Engelbrecht op hierdie komitee aangesluit het.